

HULDIGINGSREDE: DR. OTTO DU FLESSIS

(By opening van die Otto du Plessis-Verplegingskollege,
Bellville, 23 Mei 1960)

I Die Geleentheid.

II Sy Lewe.

Jeugjare en onderwys.

Joernalistiek.

Direkteur van Staatsinligting (1948 - 53).

Volksraadslid (1953 - 58).

Administrateur (1958 - 60).

Sy huislike kring.

III Sy Werk as Administrateur (veral hospitaaldienste)

Uitdaging.

Magte van Provinsie, veral drie.

Anomalie in hospitaaldienste.

Nie net pragmaties nie, ook wetenskaplike.

Kern van probleem.

Aandag van Regering is nodig.

Met dr. Du Plessis was probleem egter nie onoorkomelik nie.

Voorbeelde (3).

IV Afsluiting. .../2

IV Afsluiting.

Persoonlike getuienis.

Sy naam verewig in Kollege.

„Mag die Kollege, wat sy naam dra, daarin slaag om werkers te lewer, wat, in 'n gees van opofferende diens, hulle lewens daaraan wy om pyn en smart te versag en gesondheid aan lydende mense terug te gee. Mag die Kollege, ál sy dosente en sy studente, uit die naam van Otto du Plessis steeds ware, blywende besieling put.”

Nadere Uiteensetting van III.

III Sy Werk as Administrateur (veral hospitaaldienste)

Kort van duur: slegs twee jaar, dog merkwaardig.

Sy werk om sy Provinsie te leer ken. Aanvaar probleme as 'n uitdaging.

het-ke doen,
Provinsiale bestuur ~~was~~, volgens ons grondwet, ~~was~~ met 13 kategorieë van sake. Egter veral drie sake: t.w. Paaië, Skool-onderwys, en Hospitaaldienste.

In al drie hierdie sake het dr. Du Plessis intens belang gestel.

Paaië: hoe hy ondersoek laat instel het, rapporte van ingenieurs ontvang het, self gaan ondersoek het, en self met mense gepraat het om hulle behoeftes te leer ken.

~~was~~ Onderwys: hoe hy self in sy eie lewe die betekenis van die onderwys gesien het, hom vir die oprigting van skole en verskaffing van skoolfasiliteite beywer het, leerlinge by verskeie geleenthede besiel het - o.a. laaste, Rynse Meisieskool.

Hospitaaldienste - waarskynlik die moeilikste, ingewikkeldste - hoe hy ~~was~~ die siektes van sy medemens ter harte geneem het, lyding probeer versag het, hospitale laat oprig het. Ook opleidingshospitale gehelp het. Maar dit het vir hom nie net gegaan oor die behandeling en genesing as sodanig

nie. Sy belangstelling het ruimer gestrek. Hy het ook 'n lewendige belangstelling in die Geneeskunde as wetenskaplike vakgebied getoon. Hy was nie net die pragmatiese wat mense iets wou gee waaruit hulle kon leer, waarmee hulle hulle kon dien en help nie. Hy was ook die wetenskaplike gees. Hy wou help om iets nuuts te vind: in ons hospitale, veral die opleidingshospitale, moes ook bydraes tot wetenskaplike kennis gedoen word, sodat daardeur later ^{meskeen} weer die geneeskundige behandeling in die hospitaal ~~niet~~ gehelp en verbeter kon word. In verband met die hospitaaldienste het ons hier een van die mooiste eienskappe van dr. Du Plessis, egter 'n eienskap wat - sover ek weet - nog ^{nie tevore} beklemtoon is nie.

Hy het hier egter met 'n moeilike probleem te kampe gehad - en nie net hy nie, maar ook die Provinsiale Sekretaris en die Direkteur van Hospitaaldienste, twee amptenare wat hom trou bygestaan het.

Volgens ons grondwet het die Provinsies met hospitaaldienste te doen, maar die Universiteite en navorsingswerk val ~~aan~~ onder die Sentrale Regering.

Dit beteken dat die Provinsies, streng genome, hospitale kan bou en beheer en siekes kan ~~aan~~ ontvang en behandel, maar ~~aan~~ ~~aan~~ aan navorsingswerk geen fondse kan bestee nie.

Veral in die opleidingshospitale het dit 'n ernstige probleem geskep. Dit geld vir die Groote Schuur-Hospitaal waar die Universiteit van Kaapstad en die Provinsie saamwerk, en vir die Karl Bremer-Hospitaal waar die Universiteit van Stellenbosch en die Provinsie saamwerk.

Saam met die Provinsie lei die Universiteite geneeshere op. Die geneeskundige dosente werk in die hospitale met die pasiënte en lei daar hulle studente tot geneeshere op. Die geneeskundige dosente is in die diens van die Universiteite en die Provinsie. Maar die dosente wil nie net pasiënte ondersoek en behandel en studente oplei nie; hulle wil - en moet - ook navorsingswerk doen. Die Universiteite dring ook daarop aan dat ~~hulle~~ ^{die dosente} navorsingswerk sal doen. Immers, deur die navorsingswerk word nie net kennis uitgebrei en nuwe ontdekkings in die Geneeskunde gedoen nie, maar op die duur en onregstreeks word ook ~~die~~ die behandeling van pasiënte in die hospitale gebaat.

Hier het ons ~~die~~ ^{een} die kern van die probleem waarvoor dr. Du Plessis in hierdie verband hom as Administrateur bevind het: die Provinsie kan geld spandeer om siekes in die hospitale te behandel en die Universiteite te help om geneeshere op te lei, maar die Provinsie kan nie fondse beskikbaar stel om geneeskundige navorsing te bevorder nie. Dit is duidelik dat 'n ernstige anomalie ontstaan

het: Hoe kan die Provinsie bevoeg wees om hospitaaldienste te lewer en te behartig, maar nie bevoeg wees om navorsingswerk te steun nie, waardeur hospitaaldienste juis verbeter kan word. Dit is 'n anomalie wat vir ^{nadeel} ~~al~~ die partye tot strek: vir die Provinsie, vir die hospitale, vir die Universiteite, vir die jong geneeshere, en trouens vir ons hele land. Dit is 'n probleem hierdie wat ons Regering ^{se} ernstige aandag verg, en wat deur wetgewing opgelos moet word. Die probleem het des te ernstiger geword omdat die voorrade en apparate wat vir geneeskundige navorsing nodig is, vandag ontsettend duur is. Die Universiteite kan dit nie alléén bekostig nie; die Provinsie moet bevoeg wees om die Universiteite te help.

Met 'n Administrateur soos dr. Du Flessis was die probleem wel moeilik, dog nie onoorkomelik nie. Hy was Universiteitsman; hy ^{was van oordeel} ~~het beskou~~ dat die hospitaal nie net diens aan die sieke moet gee nie, maar ook diens aan die wetenskap. As 'n mens dr. Du Flessis maar net eers oortuig het dat 'n stuk navorsingswerk nie net teoretiese waarde sou hê nie, maar dat dit ook resultate kon lewer wat regstreeks of onregstreeks vir pasiënte van waarde kon wees, dan het hy hom nie teen die letter van die wet blind gestaar nie, maar simpatiek gestaan en gehelp. Ons twee suidelike universiteite - en by name die Universiteit van Stellenbosch - sal hom vir sy houding in hierdie verband

altyd dankbaar bly. Immers, hy het vir ons baie, en kosbare, navorsingemoontlikhede geskep. As daar oor duur kobaltbronne vir Grootte Schuur en Karl Bremer besluit moes word, dan het hy hom nie daarvoor bekommer dat hierdie dinge ook tot 'n groot mate vir navorsing gebruik sou word nie. As aansoek gedoen word dat, met die oog op die groot nuwe opleidingshospitaal vir die Universiteit van Stellenbosch in Parow, 'n sending teen hoë koste oorsee moes gaan om o.a. die gebruik van radio-isotope in hospitale te bestudeer, dan het hy nie geprotesteer omdat radio-isotope tot 'n groot mate ook vir navorsing gebruik ~~word~~ word nie. En as die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad die Provinsie om 'n ruime bydrae vir hulle gesamentlike Kernfisika-Instituut nader, dan het dr. Du Flessis nie verklaar dat dit ^{hier} om navorsingswerk gaan en dus nie die terrein van die Provinsie is nie. Inteendeel, hy wou dan weet hoe siek mense deur die werk van die Instituut gehelp kon word, en toe dit aan hom verduidelik is, het hy daarvoor gesorg dat Stellenbosch en Kaapstad 'n bydrae van £50,000 ~~skry!~~ ^{grootheid} Hier het ons treffende voorbeelde van 'n ~~lede~~ van hart en gees, en van 'n suiwer besef van die waarde van wetenskaplike werk. Dit is sulke kwaliteite wat ons ontslape Administrateur ^{vir ons} gemaak het wat hy vir ons was.